

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
21 Augustus 1977

Onderwerp: God is onse God

Lees: Levítikus 26 verse 12 tot 21

Teks: Levítikus 26 vers 12

Sing: Psalm 8 verse 1, 4 en 5  
Gesang 52 vers 1

“En Ek sal in jul midde wandel en vir julle ’n God wees, en julle sal vir My ’n volk wees.’ (Lev 26:12)

“Dit is nie verniet dat hierdie teks in die Bybel verreweg die meeste aangetref word nie. Wie oor die ware God praat, moet ook oor die mens praat, omdat God Hom onherroeplik aan die wêreld en die mens verbind het.

“Natuurlik was dit nie altyd so nie. Daar was ’n tyd voor die skepping dat God sonder die mens was. God het ons nie nodig nie. Hy is nie van ons afhanklik nie. Dat God besluit het om ons God te wees, is ’n wonder waaroor ons ewig moet juig.

“God het ons met een doel gemaak: om sy volk te wees en om saam met Hom sy volmaakte lewe, blydschap en vreugde te geniet. Wie nie God se mens is nie, is ’n onmens.

“Hoe ernstig God se bedoeling is om vir ons ’n God te wees, blyk uit sy openbaring en selfbekendmaking aan die mens. Hy self het in Jesus Christus mens geword om Hom aan ons bekend te maak. God het in Jesus van Nasaret mens geword om vir ewig mens te bly. Ons kan God dus leer ken in Jesus Christus, wat tegelykertyd ware God en ware regverdige mens is.

“Een ding is duidelik uit die Bybelse geskiedenis: daar is ’n eenrigting verkeer tussen God en die mens. God kom na ons toe en nie ons na Hom toe nie. Toe God met die eerste mens, Adam, wou verkeer het, was dit nie Adam wat hemel toe gegaan het nie, maar God wat Adam op die aarde besoek het. Dit is die HERE wat vir Adam gevra het: ‘Waar is jy?’ (Gen 3:9)

“God het van die begin af na die mens gekom. Hy het ons vir hierdie aarde gemaak en hierdie aarde vir ons. Hy bou, versorg en lei ons hier. Ondanks die chaos wat ons in hierdie wêreld aangerig het, gee Hy ons nie

prys nie, maar red die mens sodat hy ewig by Hom kan wees.

“Daarenteen hoe het die mens nie veragter nie? Die beeldraer van God vertoon nie meer sy beeld nie. Dank God dat Hy nooit die werke van sy hande laat vaar nie.

“God, wat sy woonplek in Jerusalem, Sion en die Tempel gemaak het, het sy eniggebore Seun na hierdie wêreld gestuur waar Hy in Palestina as mens tussen mense kom woon het.

“Jesus Christus het ons nie met sy Hemelvaart verlaat, sodat ons nou alleen sy saak op aarde moet behartig nie. Nee, Hy sê uitdruklik: ‘En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.’ (Matt 28:20)

“God is waarlik onse God. Tussen God in die Hemel en tussen ons op aarde is daar ’n eenrigting straat. Dit is God wat sy verbond met ons opgerig het. Hy is vir ons ’n God en ons is sy volk.

“Die eensydigheid van hierdie verbond is opvallend. God het nie eers met Abram om ’n konferensietafel gaan sit en voorwaardes beding nie. Nee, Hy het na Abram gekom en eenvoudig die verbond met hom gesluit. God het vir Abram en sy volk kom sê: Ek wil julle God wees.

“Natuurlik is daar in hierdie verbond twee kante. Die mens het ’n verantwoordelikheid om na te kom, maar in die verbondsluiting is hier ’n onmiskenbare eensydigheid. Dit was so van die begin af. God het nie vooraf met die mens beraadslaag óf Hy hom sal maak; wat sy doel sal wees; óf waar Hy hom sou plaas nie. Die feit dat die mens geskape is; dat God sy volk uitverkies het; en dat daar ’n Kerk bestaan, is louter genade van God se kant. Dit kom net van een kant af: God alleen het geskep. God alleen het versoen. God alleen gee die nuwe aarde.

“Watter teenprestasie moet ons lewer om hiervoor te vergoed? Niks! Al wat God vra, is dat Abraham, u en ek, God se kinders moet wees. Ons moet in gemeenskap met God leef en sy beskerming en guns geniet en Hom elke dag daarvoor prys en dank. Wat ’n voorreg! Besef ons ooit wat dit beteken dat God sê: Ek sal vir julle ’n God wees? Dit behoort ons te oorweldig.

“Juis omdat die verbond tussen God en die mens van die begin af eensydig was, is seuntjies op die agtste dag besny as teken dat God ook sy verbond eensydig met kinders sluit. Aangesien hierdie seën van Abraham nou in Jesus Christus na ons as heidene kom, moet ons

kindertjies ook dié verbondsteken as kinders ontvang. Hierdie verbond, die Doop, kom van God. Dit is nie aan menslike oorwegings onderworpe nie. Ons verdien nie self ons saligheid nie. Dít leer ons op Golgota, waar Jesus Christus alleen gely het en die sonde van die wêreld weggedra het, sodat Paulus kon sê: ‘... dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.’ (2 Kor 5:19) Wie die kinderdoop verwerp, begryp nie die eenrigting verkeer tussen God en die mens nie.

“Alles wat ons tot dusver van God gesê het, kan saamgevat word in Johannes se woorde: ‘God is liefde.’ (1 Joh 4:8,16) Dit is onvoorwaardelike liefde. Dit het tot openbaring gekom in die lewe van Abram toe God hom geroep het; toe God sy volk uitverkies het; toe Hy in die volheid van die tyd vir Jesus na hierdie wêreld gestuur het; en dat God al duisende jare getrou bly oor sy kerk, wat dikwels só ontrou is.

“Ja werklik, God is onse God. En Broers en Susters, wie is ons aan wie God Hom so onherroeplik verbind? Wie en wat is die mens? Die Psalmis skryf: ‘... wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? U het hom ’n weinig minder gemaak as ’n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon.’ (Ps 8:5,6)

“As ons dikwels moedeloos raak oor ons onvolmaaktheid, dan sê ons maklik: ’n Mens bly tog maar ’n mens. Eintlik moet ons sê: ’n Mens is tog nie meer ’n mens nie, maar God se mens. ’n Mens is eers waarlik mens as sy lewe volkome aan God gewy is en sy lewe uit dankbaarheid vol goeie werke is.

“Om te weet hoe die mens moet wees, moet ons na die volmaakte mensevoorbeeld van Jesus kyk: Hy het gekom om die wil van sy Vader te doen. Hy het uit Homself niks gedoen nie, maar net wat die Vader Hom beveel het. Jesus het altyd gesê: ‘Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!’ (Luk 22:42)

“Ons is eers werklik mens as ons God se mens is, na die voorbeeld van sy Seun, Jesus Christus.

“Broers en Susters, laat ons onself aan God toevertrou en Jesus aanneem as ons Saligmaker om werklik sy volk te wees. Hy is onse God.

“Amen.”